

Maandag

Sesde Reformasiepreek Mat. 5:16. Christus maak deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding dat ons dade goeie werke is wat wys dat God die Vader vir ons goed is en ons liefhet. Die Reformasiestryd het nie gegaan oor of 'n mens goeie werke vir God moet doen of nie, maar oor wanneer is ons dade goeie werke wat wys dat God ons Vader goed is. Dit is wat die slagspreuk Soli Deo Gloria beteken: goeie werke is net goed as dit wys God is goed en lief vir sy kinders. Kinders se dade wys of hulle ouers goeie of slegte ouers is. Wanneer ouers hard werk, hulle kinders liefhet, versorg en tug, dan is kinders sommer net kinders. Almal kan kinders wat die selfvertroue het om sommer net kinders te wees, raaksien. Slegte ouers is vir hulle kinders met sorg, toesig en liefde afwesige ouers. Hulle verskoon hulle afwesigheid as ouers met die gemaakte trots dat hulle kinders eintlik klaar grootmense is. Kinders se selfliefde en selfversorging met dade wat so kragtig en magtig soos die van grootmense is, wys ouers se slegtheid. Dit is waarom Mat. 5: 16 gaan! God die Vader se kinders se dade moet wys dat God só sorgsaam en liefdevol met hulle besig is, dat mense God sal eer as hulle goeie Vader. Die kragtige en magtige goeie werke vir God, volgens die Rooms Katolieke Kerk en vandag se moderne Christelikheid, wys dat hulle god 'n slegte afwesige god is. Daarom moet hulle self sorg om die ewige lewe met goeie dade te kry. Mat. 19:16. Preek as teks of mp3 beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Mat.1: 21-24; 19: 16- 22. Christus gaan voor ons uit, deur vir ons sondes te ly, te sterf en uit die dood op te staan. Só maak Christus ons dade goeie werke wat wys ons het 'n Goeie Vader. Ons gaan agter Hom aan net deur te glo in Hom. Hy verander só ons dade om navolging, kruisdra en selfverloëning te wees. Christus gaan ons vooruit, gee vir ons sy beloning vir sy goeie werke sonder dat ons dit verdien en vat ons straf weg wat ons verdien. Daarom kan ons nie meer goeie werke doen om beloon te word of om straf te keer nie. Ons gehoorsaam sy gebooie sommer net. Sommer net omdat God ons goeie Vader is en ons sommer net sy geliefde kinders is. So wys ons gehoorsaamheid God is ons goeie Vader, omdat ons sonder vrees vir straf en sonder verwagting van beloning sommer net aan Hom gehoorsaam is. Dit is wat Christus vir die ryk jongman wys in sy gesprek oor goeie werke. Net so! Christus dra met sy kruis die woede, toorn en vervloeking van God vir sonde sodat ons nooit hierdie swaarkry sal dra nie. Ons kan nou ons kruis dra om anders aan die Tien Gebooie gehoorsaam te wees. Ons sukkel met die swaarkry om sy gebooie te onderhou sonder om ooit weer met God se woede of straf te sukkel. Hierdie sukkel is ons lus, ons liefde en trots. So wys ons gehoorsaamheid God is ons goeie Vader wat Hom deur ons gesukkel met werke wat net gedeeltelik, bietjie, soms en nooit volkome goed is nie, volkome laat eer net omdat ons sy kinders is vir wie Hy lief is. ds. Petrus

Woensdag

Mat.1: 21-24; 19: 16- 22. Die derde wyse waarop Christus maak dat ons goeie werke wys God die Vader is ons goeie Vader, is om dit vir ons moontlik te maak om onself te kan verloën. Gelowiges doen goeie werke deur selfverloëning. Selfverloëning is wanneer jy iets doen, maar ontken wie jy is as jy sulke dinge doen. Om te ontken, beteken om te sê: “Dit is nie ek nie”. Wanneer jy iets gesteel het, dan moet jy ’n dief genoem word. Wanneer jy erken jy het gesteel, maar weier om te sê jy is ’n dief, dan verloën jy jouself. Wanneer jy na kaal prentjies van mense gekyk het, dan moet jy pervert genoem word. Wanneer jy erken jy het gekyk, maar jy weier om te sê jy is ’n pervert, dan verloën jy jouself. Wanneer jy nie na jou ouers wil luister nie, dan is jy ’n rebel. Wanneer jy erken dat jy ongehoorsaam was, maar weier om te sê jy is ’n rebel, dan verloën jy jouself. As jy agter Jesus aan wil kom, moet jy jouself verloën. Jy moet weier om te sê jy is sleg, ’n dief, ’n pervert en ’n rebel, al doen jy wat hulle doen! Dit kan ons doen want Christus het met sy kruisiging Homself in ons plek die dief, die pervert en die rebel wat ons is, gemaak. Hy word dit sodat God die Vader vir ons net sy kinders noem, nooit iets anders nie, maak nie saak wat se sonde ons doen nie. Dit wys in ons goeie werke! Ons het die selfvertroue en selfwaarde dat ons ons goeie Vader mag liefhê omdat ons vir Hom nooit iets anders as net sy kinders is nie, al doen ons baie dinge wat wys ons is iets anders. ds. Petrus

Donderdag

Mat. 19: 16 – 30. Die ryk jongman kon nie agter Christus aangaan nie, dit is, in Hom glo nie. Hy kon nie Christus volg deur sommer net gehoorsaam te wees nie. Hy wou vir gehoorsaam beloon word. Vers 16. Hy kon nie sy kruis dra nie deur te sukkel met God se gebooie as sy lus en sy liefde nie. In sy eiwaan het hy nie met God se gebooie gesukkel nie. Hy kon alles reg doen. Vers 20. Hy kon ook nie homself verloën nie, want hy het geglo hy skiet in niks te kort nie, sy gehoorsaamheid is volmaak. Die ryk jongman is die tipiese kragdadige geestelike. Hy is nie 1. ’n kind van God wat sommer net gehoorsaam is soos kinders gehoorsaam is nie; 2. besig is om te sukkel met gehoorsaamheid omdat dit sy trots is dat God die Vader sy Vader is nie en 3. besig is om homself te verloën omdat hy vir sy Vader altyd net sy kind is, al doen hy sonde nie. Hierdie jongman was besig met grootmensgeestelikheid. Hy was bemagtig deur “goeie leermeesters”, geestelike leiers, in ’n kragdadige geestelikheid waarin hy Christus nie nodig gehad het om sy dade goeie werke vir die Vader te maak nie. Met die waan van ’n kragtige geestelike lewe, wys hy sy god is ’n slegte vader. Hierdie vader kan jy nie maar sommer net liefhê omdat jy sommer net al sy liefde ontvang nie. Jy moet sy liefde met liefde verdien. Sy vader los hom in die waan dat hy doen altyd alles reg en hy kom niks kort in homself nie. Sy god is so ’n slegte afwesige vader dat hy hom in hierdie geestelike grootheidswaan laat leef. ds. Petrus

Vrydag

Joh. 14:8 -10. Mense in afgodsdien se goeie werke wys dat hul god is ’n slegte afwesige vader. Hulle goeie werke wys dat hul net so kragtig en magtig soos hul god is. Hulle is nie sy kinders nie. Hulle moet die krag, gesag en lewe van hul god besit

en uitdra. Hulle lewe wys nie kinderlike gehoorsaamheid aan 'n liefdevolle Vader nie. Dit was Filippus se sondige drif: Jesus moet God in sy lewe vir sy dissipels uitbeeld sodat Jesus hulle kan bemagtig om God vir ander te kan uitbeeld. Die Rooms Katolieke Kerk en die moderne Christelikheid is die geestelikheid van die ryk jongman. Hulle glo dat hulle met die krag van God alles onderhou wat God vra, en nog meer. Roomse heiliges glo hulle doen in hul lewe meer goeie werke as wat vir hul self nodig is en kan met hul oortollige goeie werke vir ander intree. Vandag word Christene verkeerdelik geleer dat die lewe wat die Here vir sy kinders moontlik gemaak het, om sommer net na God te luister, blymoedig te sukkel met sy wet en 'n lewe van val in en opstaan uit sonde te leef, in die vertrouwe ons bly niks anders as sy geliefde kinders nie, is die verkeerde lewe. Hulle minag dit as 'n ongeestelike en kragteloze lewe. Hulle glo hulle is só met God se krag en mag vervul dat hulle nie meer met gehoorsaamheid sukkel nie en nie meer in sonde sal val en opstaan nie. Hierdie geestelikheid wys egter net hulle het 'n afwesige slegte god wie se kinders nie meer net sy kinders is nie, maar mense wat sy vennote in sy mag, krag en lewe moet wees. ds. Petrus.